Hoërskool Bergvlam
40 Jaar | Years
AS U WIL EN EK LEEF

(013) 741 1025/6
(013) 741 2622/3
(013) 741 1889
14106 West Acres
www.bergvlam.co.za
ontvangs@bergvlam.co.za

VLAMMIES
ONDERSTEUNERSKLUB

Hoërskool Bergvlam nooi **Ouers, Vennote en Alumni** uit om 'n aktiewe ondersteuner te word. Raak betrokke by die **Bergvlam Legendes Komitee** en maak 'n verskil deur u stempel af te druk en deel te vorm van die **"Ek was hier"** veldtog.



Hoekom betrokke raak?

Hoërskool Bergvlam is een van die top skole in die Laeveld ten spyte van die finansiële beperkings wat die skool moet bestuur. Omtrent 35% van die begroting word gesubsidieer deur die skool en samewerkingsooreenkomste is noodsaaklik. Hoërskool Bergvlam wil die beste fasiliteite en geriewe, sowel as unieke geleenthede bied aan ons leerlinge deur gebruik te maak van ondersteunings-netwerke. Deur betrokke te raak kan Bergvlam ouers, vennote en alumni ook eie belange bevorder binne in die daargestelde netwerke.

Bergvlam beoog om die Bergvlam Legende Komitee jaar na jaar uit te brei en daarom doen die skool 'n beroep op u om deel te word van die beweging en u voetspoor te laat.

Meer oor die Bergvlam Legendes Kommitee

Wie mag aansluit?

- Oud-leerlinge / Alumni
- Ouers
- Vennote/Borge

Doelstellings

- Om die **belange en behoeftes** van die skool te bevorder en die skool tot diens te wees.
- Gesonde **verhoudinge** te kweek en te behou met ouers, vennote en alumni.
- **Geleenthede** te bied vir **ouers, vennote en alumni** om betrokke te kan raak by die skool geleenthede en projekte.
- ‘n **Netwerk** van belanghebbendes daar te stel wat die kwessies rakende die skool kan help identifiseer, bestuur en oplos.
- ‘n Ware **kultuur van interaksie en kameraderie** te kweek tussen groepe en **lojaliteit** te kweek.
- Voorkeur-**netwerke** daar te stel.

Fokus

- Beurse daar te stel vir leerders.
- Klaskamers en skoolgronde voortdurend op te grader.
- Mediasentrum te bevorder.
- Tegniese werkwinkels en fasiliteite te bevorder.

Interaskie

- Volgehoue **skakeling** met ouers, vennote en oud-leerders deur kommunikasiekanale.
- Organisering van **netwerkgeleenthede** ter promovering van doelstellings.
- Organisering van f**ondswerwingsprojekte** ter promovering van bogenoemde doelstellings.

Aktiwiteite

Die jaarlikse aktiwiteite dien as netwerkgeleenthede sowel as fondsinsamelingsprojekte.

- Damestee - Maart
- Bergvlam-Fees - Julie
- Gholfdag - Oktober
- Netwerkgeleenthede - Elke kwartaal

Voordele vir u

- Vorm deel van die voorkeurnetwerk van organisasies vir Hoërskool Bergvlam dienste.
- Vorm deel van ‘n komitee wat insae en invloed het.
- Dien die Bergvlamgemeenskap.
- Vorm deel van ‘n groep wat nalaterskappe skep vir Hoërskool Bergvlam.

Raak betrokke

Ouers, vennote en alumni kan vrylik en verniet aansluit by die komitee en daarop dien soos dit individue pas.

- Teken aan op die databasis deur die vorm te voltooi.
- Kontak Ronel Oosthuizen by ronel@bergvlam.co.za of 083 484 8427 om betrokke te raak by inisiatiewe.

Vlammies-Ondersteunersklub

Word deel van die Vlammie-Ondersteunersklub teen ledegeld van R400 per jaar per persoon en geniet die volgende voordele:

- Ontvang ‘n ondersteunerspet.
- Voorkeur-besprekings vir spesiale geleenthede en funksies by Bergvlam.
- Voorkeur-sitplek tydens geleenthede by Hoërskool Bergvlam.
- Voorkeur-parkering tydens geleenthede by Hoërskool Bergvlam.
- Voorkeur-advertensie geleenthede en tariewe.
- 10 % Korting vir bespreking van fasiliteite op Bergvlam-perseel.

Voltooi asseblief die aanlynvorm om aan te sluit.

Borgskappe

Hoërskool Bergvlam bied ‘n unieke geleentheid om betrokke te raak met borgskappe vir sport-spanne, kultuur, sentrums en vele meer. Kontak ronel@bergvlam.co.za vir meer inligting.